Muli Buanji!

Dit beteken “hallo” in een van die 72 tale van Zambië – spesifiek in die area waar ons nou is vir die OM/ProChristo opleiding.

Ja, ons is nou in Kabwe, noord van Lusaka, en naby die Koper Belt. Hier praat die stamme hoofsaaklik Bemba, Lozi en Chichewa.

Persoonlik en projekte:

Soos baie van julle weet, het die projek by Kanjanji baie gegroei en ons het Desember verlede jaar by 'n groot sendingorganisasie, OM. (Operation Mobilisation) aangesluit.

ProChristo, ook 'n sendingorganisasie, het intussen saamgesmelt met OM, wat sendelinge regoor die wêreld het. Vir die wat nie weet nie, ProChristo het verlede jaar gehelp met die invoer van die krat vanaf Engeland, geborg deur ons tuisgemeente, die S.A. Gemeente in London.

OM. sal dan ook wêreldwye blootstelling aan Kanjanji kan gee asook help met die identifisering en plasing van ander sendelinge om met die projek op Kanjanji te help. Omdat OM. as sendingorganisasie belastingvoordele in Zambië geniet, behoort die invoer van goedere vir Kanjanji minder van 'n probleem in die toekoms te wees. Die hele projek sal dan ook 'n platvorm wees vir internasionale spanne om uitreike, diens, ens te kom doen en ons sal van al OM. se kennis en ondervinding in die sendingveld gebruik kan maak.

Ons het groot planne vir Kanjanji en buiten die skool, kan ons selfs in die toekoms dink aan 'n Bybelopleidingskollege, en 'n kliniek (selfs 'n hospitaal!) ensomeer.

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children

No. 43 – 15 March 2010

Some of our co-disciples on the course

Past. Thabiso and Elaine (from Holland) our house mates in Kabwe

Muli buanji!

That is hello in “Bemba”, one of the 72 different languages in Zambia and the language spoken in this part of the country where we are doing the OM/Prochristo training at the moment.

We are in a town called, Kabwe, which is north of Lusaka, near the famous Copper Belt province. Some of the other languages spoken in this area are Lozi and Chichewa.

Personal and projects:

As you would know the project at Kanjanji has grown and expanded so much now, that we have decided to join OM (Operation Mobilisation) at the end of last year. OM. is one of the biggest mission organisations in the world with missionaries in many countries all over the world.

ProChristo, another mission organisation, which helped us with the importation of the container from the S.A. Congregation in England, has merged with OM. and will be known as OM. in the future.

Through OM, Kanjanji will get exposure right across the world and they will also help with identifying missionaries to come and help at Kanjanji. As a mission organisation, OM. also gets tax benefits in Zambia so the importation of any goods for Kanjanji would hopefully be much less of a problem in the future and could also be done free of tax. Kanjanji would also serve as a springboard for different groups from all over the world to come and do outreaches into the community and OM's knowledge and years of experience will also be of great value.

Let me tell you, we have big plans for Kanjanji. Apart from the school we could also look into the possibility of a Bible College as well as a clinic (or even a hospital!) at some stage.

Ek en Lourie is tans besig met 'n twee maande lange dissipelskapkursus wat hier in Kabwe, Zambië deur OM. aangebied word en wat verpligtend is vir lidmaatskap tot die organisasie.

Daar is ook verskeie ander Suid Afrikaners op die kursus asook mense van baie ander lande oor die wêreld soos Kanada, Engeland, Skotland, Holland (sien foto van Thabiso en Elaine wat die huis met ons deel), Madagaskar, Malawi, Angola, Botswana en selfs Zimbabwe.

Kanjanji kan 'n platform wees vir groepe of sendelinge wereldwyd.

Intussen besoek ons Kanjanji elke tweede naweek en kan rapporteer dat als wel is daar.

Die klein dogtertjie met die 6 vingers en tone, is nou gesond en besoek ons gereeld. Klein Godwin is nou al meer as 3 maande oud en 'n sterk baba. Die verpleegster, Caroline Green van Choma staan in vir ons met die kinderprogramme.

Gebedsversoeke:

- Bid saam vir God se wil vir die toekoms van Kanjanji en vir die samesprekings met die verskeie partye.
- Bid ook asb. vir die babas en weeskinders asook die hongersnood gedurende die reenseisoen.
- Bid asb. vir meer hulp met die programme.

Baie liefde en groete van almal op Kanjanji.

Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com
✉ Posbus 630677, Choma, Zambië
www.kanjanji.com

Lourie at the kitchen

The Little girl with six fingers and toes.

We are attending an OM. discipleship course in Kabwe at the moment which is compulsory for membership to OM.

The course will take two months and there are quite a few other South Africans as well as people from England, Scotland, Madagascar, Malawi, Canada, the Netherlands(see photo of Thabiso and Elaine, our house mates) and even Zimbabwe attending the course.

Kanjanji could become an excellent platform for groups and missionaries for outreaches.

In the meantime, we try and visit Kanjanji every second weekend to see that everything is all right.

The little girl with the six fingers and toes is doing well and visits us quite often. Little Godwin is almost 4 months now and a happy little baby. The nurse from Choma, Caroline Green, is helping out with the childrens' programmes while we are away.

Prayer requests:

- Pray for God"s will for the future of Kanjanji. Also for the discussions with the different parties.
- Please pray for the babies and orphans during this time of hunger.
- Please pray for more help with the programmes.

Love and best wishes from all of us at Kanjanji.

Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com
✉ PO Box 630677, Choma, Zambia
www.kanjanji.com

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children